

**10 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 17:1-23**  
**Fokusgedeelte: 2 Konings 17:13**

### **Einde en begin of begin van die einde**

Einde en begin vir die kerk van die Here in 'n paar woorde! Uit die somber verlede tot op die jongste dag klink dit soos 'n matelose refrein: hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here, en die kinders van Israel het gesondig teen die HERE hulle God. Hoe lankmoedig was die HERE tog nie, soveel geduld, soveel tyd vir bekering, vir omkeer en terugkeer na Hom. Israel en hulle konings het God verruil vir die dwaasheid van die mensgemaakte afgode. Hulle het hulleself getroos met: die tempel is nog daar, die tempeldiens gaan voort. Ons is mos die uitverkore volk, ons het Abraham as ons vader, en kyk net die grootsheid sedert Dawid. Dit is egter maar net die skil, die leë dop, die skyn van trou.

Die terugroep na die HERE toe en die oproep om 'n nuwe lewe deur elke profeet kom nie tuis nie. Dit is nie vir ons ore bedoel nie, so redeneer hulle. Die HERE sal ons ons hoogtes en klippilare tog nie toereken nie. Onafwendbaar kom die verwerping en die einde van dit wat vir hulle kosbaar was. Godsdien sal voortaan vir Israel ver van die tempel buite hulle vaderland in ballingskap plaasvind. Sonder die seremonies vra die HERE persoonlike gemeenskap met Hom. God het Israel van voor sy aangesig verwyder.

Daarom is dit ook vir ons belangrik om voorraadopname te neem. Om vas te stel of ons diens aan die HERE nog uit 'n nugter en suiwer hart kom. Of die Woord nog jou enigste rigsnoer is en of jy aan die uiterlike skyn verknog geraak het. 'n Skyn van opregtheid terwyl jou hart reeds lankal by ander dinge is. Terwyl jy by die hoogtes en die klippilare is. Of jou gedagte, woord en werk God as uitgangspunt het en of die mensbedinkte en mensgemaakte jou gedagtes oorheers.

Jesus Christus alleen is sy Woord. Ken jy Hom? Eerbiedig jy Hom? Ervaar jy hoe die Heilige Gees jou aan die Woord vasmaak? Buig jy jou knieë as jy Hom hoor? Kom die woorde oor jou lippe: HERE, ek was so kortsigtig?

*Sing: Psalm 32:2, 3 (1936)*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)*